## HOOFSTUK 5.

# 5. DIE TAAK VAN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN GEVARE VAN DIE EKSISTENSIALISME MET BE=SONDERE VERWYSING NA DIE SEDELIKHEID.

## 5.1 INLEIDING.

Op die skouers van die skool rus vandag 'n geweldige taak. Soos daar in die verlede op die lewensbeskou=like aanslae gemaak is, word dit in die huidige tyds=gewrig in 'n meerdere en daarby nog meer gespesiali=seerde mate aangetref.

In die voorgaande hoofstukke is gewys op die ken=merke van die eksistensialisme wat die Christelike lewensbeskouing van die jeug bedreig. Die gees van permissiwiteit, verwerping van gesag, absolute vry=heid, seksperversiteit, dwelmverslawing, ensovoorts, is uitvloeisels van die vreemde lewensbeskouing wat ook in ons land 'n aanslag maak op die lewensbeskou=ing van die Afrikanerjeug.

In die woorde van Schutte kan die taak van die skool van vandag gestel word as: "Dit moet nie teen die verruiming te velde trek nie, maar moet dit in die nasionale veranker. Dit moet saam met die verlede soek en daaruit die toekoms bou. Dit moet die lief=de vir die eie wakker maak, die ervaring van deel=wees van en deel-hê aan die eie, koester en aan=moedig. Die skool moet die kind weer die wye wê=

reld laat sien deur die bril van die vaderland en die moedertaal, moet die internasionale en selfs die supra-nasionale as verlengstukke van en gebou op die nasionale laat lewe voor die kind. Dit moet noodwendig ook die aandag ewewigtig aftrek van die pragmatiese, tegnologiese, natuurwetenskaplike, ja selfs van die verstandelike en dit oorplaas op die nie-empiriese, op die sake van die hart. Die kind moet geleer word om volle mens te word, na liggaam en siel, na verstand, gevoel en wil, na die stof= like sowel as na die geestelike en ewige." (Schut= te, 1970, p. 174).

Die invloed van die eksistensialisme wat gelei het tot geestelike spanning, gebrek aan geloof en oor= tuiging en nog ander gedragsafwykinge en ontspo= ringe, bring die noodsaaklikheid van die primêre roeping van die Christelike skool na vore. "As Christen-opvoeders moet ons, ons kan nie anders nie, soos volg antwoord : Die mens het maar een omvat= tende, allesbeheersende roeping. Hy moet die Here sy God liefhê met sy hele hart, met sy hele siel en met al sy kragte en sy naaste moet hy liefhê soos homself; daarby moet hy die aarde onderwerp en daaroor heers." (Van Wyk, s.d. (a), p. 49). In die Christelike skool sal dit die allesbeheersende leidende faktor wees ten opsigte van die hele on= derwysonderneming, waaronder die onderwysstelsel,

die organisasie, inhoud, metode, kennis, die sedelike van die opvoeding, ensovoorts, val.

In die opvoeding van die jeug teen die gevare van die eksistensialisme is daar verskeie ankers waaraan die jeug geanker moet wees. Die belangrikste van hierdie ankers is seker lewensbeskouing. Die lewensbeskouing is iets wat mense oortuig oor grondliggende dinge. De Klerk vat dit mooi saam: "Elke mens, elke volk, elke tydvak in die geskiedenis is gebind aan 'n lewensbeskouing. Die krag agter oorloë, beleidsrigtings, standpunte en gedragspatrone is 'n lewensbeskouing. Die uitgangspunt vanwaar jy in jou optrede vertrek; die agtergrond van jou lewenswyse; die kragopwekker van jou doen en late - dit is lewensbeskouing: die diep oortuigings wat gehuldig word oor God, geloof, sedelikheid, kuns, volk, kerk, skool, ontspanning en sommer al die kerndinge van die lewe." (De Klerk, 1972, p. 47). Dit is dus die allesomvattende wat die mens rig en lei deur sy hele lewe en veral dan ook in die opvoeding.

## 5.2 DIE ORGANISASIE VAN DIE ONDERWYS.

Die ontkenning van die allesbeheersende, allesomvattende, universele soewereiniteit van God, en die eksistensialistiese antropologie wat die mens

sien as wese wat in vryheid sy eie lewe ontwerp, se eis van "neutrale onderwys" het onmiskenbaar sy stempel ook op Suid-Afrikaanse bodem afgedruk. Dit stoel op 'n on-Christelike wortel en is wel lewens=beskoulik gestempel. Dit wil die kind van sy reli=gieuse wortel afsny, wat noodwendig sal lei tot die ondergang van 'n Christelike volk. Die allesomvat=tende en radikale aard van 'n (Christelike) lewens=beskouing maak neutrale onderwys onmoontlik.

### 5.2.1 DIE CHRISTELIKE SKOOL.

Die opvoedingstaak is sondermeer duidelik. Omdat lewens- en wêreldbeskouing van fundamentele belang in die lewe van die mens is, eis 'n Christelike ge=meenskap/huis 'n Christelike skool. 'n Christelike ouer eis 'n skoolopvoeding in 'n Christelike gees en rigting. Om 'n Christelike (i.c. Calvinistiese) lewens- en wêreldbeskouing by die opvoedeling te vestig moet die skool 'n Christelike gees openbaar.

Die eis van wet 39 van 1967, tot Christelike opvoed=ing en onderwys in die skool, is nie iets wat van buite aan die opvoeder opgelê word nie. Die skool sal nie Christelike onderwys gee slegs omdat die wet dit vereis nie, maar omdat dit nie anders kan nie. As burger van Gods Koninkryk is die Christen=onderwyser (skool) geroepe om die koningskap van

Christus oor die ganse werklikheid te proklameer. Hy moet as "medewerker van God" (1 Kor. 3: 9), die ganse skepping in die diens van God opeis. "Die ontkenning van bogenoemde is 'n standpuntinname teen Christus, want dit verwerp die gesag van die Woord van God en ontken die soewereiniteit van God op alle terreine." (Vgl. Van Wyk, s.d. (b), p. 53).

Dit is dus die taak van die skool om deur sy werklike onderwys ook die religieuse onderwys te steun. Al die aktiwiteite en onderrig van die skool moet verskaf word in die lig van die kennis van God.

5.2.2 MENSBESKOUING.

Die antropologie van die eksistensialisme wat sentreer om die onafheid en tydelikheid van die mens as wese wat in vryheid sy eie lewe ontwerp (vgl. Hoofstuk 4, pp. 115 - 118), het meegehelp tot die hedendaagse minagting van beginsels en norme in die opvoeding en onderwys.

Sonder 'n Skrifgefundeerde antropologie sal die opvoeder nie 'n getroue werklikheidsbeeld en eenheidsvisie van die opvoedeling kan voorhou nie. Die sinloosheid van die eksisterende mens as geworpene in 'n situasie sal tot vergrypings in die konkrete en tydelike wêreld lei. Geen gesonde kommunikasie tussen opvoeder en opvoedeling sal dan moontlik wees nie.

Die Christen-opvoeder moet die opvoedeling bring tot die ware selfkennis oor die wese van die mens, wat alleen in die sentraal-religieuse verhouding met God lê, omdat God dit in sy Woord aan die mens openbaar. As die opvoeder nie die opvoedeling tot die aanvaar=ding (geloof) bring van die mens se ewigheidsbestem=ming nie, sal opvoeding lei tot: "When man's human nature is not respected, nurture ivariably turns in=to pure demonstration of power and domination, or it becomes mental persecution, manipulation, mecha=nical training, or it is reduced to over-protection, doting, or a mere laissez-faire attitude. Such an=ti-normative guidance can only result in stubborn rebellion, obstinacy, aggression, fearful submis=sion, immaturity, neurotic tendencies, disharmony, and in some instances, permanent deformities, or give rise to undisciplined behaviour, confusion and uncertainty. The violation of human nature inevi=tably leads to pedagogical impotence and failure." (De Graaff, 1966, p. 112).

5.2.3 ONDERWYSINHOUD.

Die opstel van sillabusse verg deeglike beplanning en stel 'n geweldige uitdaging gesien vanuit 'n Chris=telike-religieuse perspektief. Die leerplanne moet saamgestel word teen die agtergrond van die tydsge=wrig wat teen ongekende tempo dinamies voortwentel

en die tyd van die massaverskynsel met die onopsig= telike vereensaming van die individu. Die leerplan= ne moet saamgestel word om die opvoedeling weerbaar te maak teen die aanslae van 'n gees van neutraliteit en sekularisme. Die inhoud van die sekulêre vakke mag nie botsend met die Bybelwaarheid wees nie en dus nie ondermynend vir die Christelike geloofsbe= lydenis en leefwyse nie.

Wanneer Van Wyk in die verband sê dat die Bybel hom nie as 'n skoolvreemde element in die skool mag be= vind nie, (Van Wyk, 1972 B, p. 2), wys dit dat die skool nie net Bybelse Geskiedenis moet onderrig nie, maar dat elke vak met die Evangelie van Chris= tus deursuur moet wees. Die Bybel moet nie slegs uitgehaal word by saalopening nie, maar dit is es= sensieel dat elke skooldag in elke klas met Skrif= lesing en gebed geopen moet word.

Die Christen-opvoeder sal altyd daarvan bewus moet wees dat elke vak in diens van God staan. (Van Wyk, 1971, pp. 411 - 412). In geen enkele vak kan die lig van die Skrif ontbeer word nie. Dit moet by elke vak die hoogste doel wees om die opvoedeling tot God te lei en hom tot die aanvaarding van sy norme te bring. Tereg sê Coetzee dat die Godsdiens= onderrig nie net moet bestaan uit die onderrig van Bybelgeskiedenis nie, maar dat dit aangevul moet

word deur die onderrig in die grondbeginsels van 'n Christelike leer. (Coetzee, 1960, p. 376).

Tereg sê Van Wyk dat die dogmaklousules van die on=derwys-ordonnansies - die bedoeling is klaarblyklik om kerkisme te bestry - aanleiding kan gee tot 'n in=terpretasie wat eis dat godsdiensonderrig vervang moet word deur 'n universele "morele opvoeding" wat vir leerlinge van alle geloofsoortuigings, selfs ateïste aanvaarbaar sal wees. (Vgl. ook hoofstuk 3, p. 65). Die vae en negatiewe formulering ver=hinder die Christelike godsdiensonderrig wat in 'n Christelike skool vereis word. (Van Wyk, s.d. (b), pp. 69 - 70). Soos die volksvreemde ideologieë die jeug indoktrineer, so moet die Christelike skool ook nie skroom om die jeug te "indoktrineer" nie. Die verskil is egter dat die Christelike skool Christene vir Christus indoktrineer in belang van die eie volk en die eie voortbestaan.

Die skool het 'n besondere taak in die onderrig van die kuns. Die dekadente invloed van die eksisten=sialisme het daartoe gelei dat die absurde, walg=like, en "diesseitige" in die kuns verheerlik word. Die werke van ons eie skrywers en veral die "sestigers" is deurdrenk van eksistensialistiese idees. Die skool moet onder leiding van die Christelike geloof die idee van 'n Christelike -

Dit is Godwelgevallige-kuns, daarstel. Die kunsop=voeding moet afstuur op die positivering van Christe=like norme in alle vorme van die kunste. Die af=takeling van die sedelike onder die dekmantel van die sogenaamde befaamde "vryheid" van die kunste=naar maak die taak van die skool in die huidige tyds=gewrig nog dringender om die opvoedeling te leer om te weet wat hy esteties "mag" en "nie mag nie." (Schoeman, 1975, p. 110).

In die Christelike skool moet die opvoedeling geïn=spireer word tot 'n aanvaarding van die ideaal van persoonlike gesondheid asook sindelikheid ten opsig=te van sy liggaam sowel as sy kleding. "So moet die opvoedeling opgevoed word om sy liggaam te stel tot eer van God." (Schoeman, 1975, p. 94). Vakke soos liggaamlike opvoeding, sport en higiëne skep in hierdie verband talryke ontsluitingsgeleenthede.

Ook ten opsigte van die kultuurdiens en arbeidsroep=ing van die kind moet daar in die Christelike skool deur middel van daadwerklike kulturele aktiwiteite, die vak Geskiedenis, die Moedertaal, Voorligting en Beroepsleiding, daadwerklik geywer word. Die mens=like selfsentralisering van die eksistensialis lei tot 'n kultuurkrisis waarin kultuurdiens en arbeids=roeping nie kan floreer nie. (Vgl. Hoofstuk 4, p. 89). Die gelowige opvoeder sal sake soos arbeids=

roeping, arbeidsgesindheid, by die verbondskind moet inskerp. In die toekomstige volwassenheid (mondig=heid) van die verbondskind gaan dit nie net om be=roepsbekwaammaking nie, maar veral van taakbekwaam=wording vanweë roepingsbewustheid wat in sy gods=diens gefundeer is. (Vgl. Van Zyl, 1975, p. 39).

Die skool is kragtens sy struktuur nie 'n opleidings=instituut nie, maar instrument in diens van beska=wingshandhawing. Dit lei nie boekhouers, tiksters, ensovoorts, op nie, maar help om beskawingsmondige en kultuurmondige jongmense te vorm. Die kind moet deur die skool in staat gestel word om sy beska=wingsposisie volwaardig in te neem en sy kultuur=taak te vervul. Voorligting (beroepsleiding) is dus 'n verpligting wat deur die geloof in God en sy Woord opgelê word. (Van Wyk, 1974, p. 15).

5.2.4 ONDERWYSMETODE.

Ook die onderwysmetode is religieus bepaald. Ook didaktiek is prinsipiële arbeid. (Van Wyk, s.d. (b), p. 59). Die eksistensialis laat die klem in die onderwysmetode/didaktiek eensydig op leiding (met vrye keuse van die opvoedeling), met veront=agsaming van vorming, val.

Die opvoeder wat Christelik-opvoedkundig-verant=woorde steun aan 'n kind wil gee, moet besef dat

hy in die eerste plek verantwoording aan God verskuldig is vir die wyse waarop hy hom met die kind bemoei, maar dan ook in die tweede plek aan die ouers wat hulle kinders aan sy sorg toevetrou het. (Vgl. Schutte, 1970, p. 17).

Die gebruik van hoofsaaklik "dresserings"-metodes, dit wil sê oordrewe drilwerk, memorisering sonder insig, kondisionering, afrigting, ensovoorts, wat vandag vry algemeen in gebruik is, is af te keur. Die kind as beelddraer van God, is daarvoor veels te veelsydig en kompleks. Die oordrewe waarde wat aan "intelligensie" gegee word, lei daartoe dat 'n verstandsvermoë en nie die mens nie, raakgesien word. (Strauss, 1969, p. 42). Geen wonder dat die invloed van die eksistensialisme se vryheidsgedagte en aandrang op algehele vryheid sulke verwoestende afmetings onder die jeug van vandag aangeneem het nie. Die vreugde en blymoedigheid wat die aan die jong skoolkind behoort te wees, maak, veral by die verstandelik minder begaafde, plek vir 'n skeptisisme en selfs opstandigheid. Ook hulle begeer om as mense, as individuele persoonlikheid beskou te word en seker nie as "prestasie-simbole" nie. (Vgl. Schoeman, 1975, p. 100).

Die geloof, hoop en liefde van die opvoeder moet sodanig getoon word dat dit oorredend op die op=

voedeling inwerk. Deur die vermyding van onnodige emosionele spanning, kan die opvoeder sy bydrae lewer om die gevoelsewewig in die gemoedslewe van die kind te bestendig, sodat hy daartoe uitgelei kan word om ook "voelend" tot Gods eer te kan leef en arbei. Onder sorg (dit sluit dissiplinering in) van die op= voeder moet die gevoels- en gemoedslewe van die op= voedeling "ryp" tot goeie en aanvaarde gewoontes, korrekte leiding (deur die wil) van drange en be= geertes ensovoorts. Dit beteken die verdieping van die gevoelslewe tot logiese gevoel, kultuurgevoel, taalgevoel, sosiale gevoel, ekonomiese gevoel (waar= debesef), kunsgevoel, regsgevoel, liefdesgevoel, en tot geloofsgevoel. Wanneer hierdie lofwaardige doel bereik is, dan kan die wil ontwikkel om te handel in ooreenstemming met die aanvaarde normorde en nie noodwendig soos hy voel of soos die situasie aan die geworpene daarin dikteer nie.

Die opvoeder wat sy leerinhoud nie beleef nie, kweek negatiewe gesindhede by die opvoedeling. Die ver= skynsel by skole dat onderwysers wat nie toegerus is om 'n vak, veral godsdiensonderrig en geestes= weerbaarheid, te onderrig nie, dit wel moet doen, dra veral by tot die kweek van verkeerde gesindhede. Die toegewyde Christen-opvoeder sal met die be= paalde gevoelskleur wat hy self besit, gelowige opvoedelinge kweek, wat in beginsel tot 'n

Godsgehoorsame, beskawingsvolwasse lewe uitgelei word. (Vgl. Strauss, 1969, p. 45).

5.2.5 KENNIS.

Die eksistensialisme se siening dat die enigste kriterium van kennis (waarheid) in die subjek self geleë is, het in ons tyd tot gevolg dat die mens die klem verskuif van die objektiewe wêreld buite hom na die innerlike, intuïtiewe kennis. (Vgl. hoofstuk 4, pp. 102 - 106).

Die belangrikste taak van die skool is om die op= voedeling te bring tot 'n kennis van sy God, veral soos Hy Hom aan die mens in die Skrif en ook in die natuur geopenbaar het. Deur selfontdekking kom die Christen nie tot kennis wat vir hom die diepste sin verklank nie, maar dit is die geopenbaarde waarhede waarna die mens moet luister. Die skool dra beson= dere verantwoordelikheid om hierdie Christelike waar= hede aan die kind oor te dra.

Elke vak moet sy ophelderingswerk na waarheid (ken= nis) in Christus doen, "want alle Christelike we= tenskaplike kennis is nodig vir die onderwysende opvoeding en die Christelike jeug tot volle lewe in Christus - nie maar net Christelike geloofs= leer en Bybelkunde met die oog op Godsdiensonder= wys nie." (Strauss, 1964, p. 77). Die opvoede=

ling moet teruggebring word na die grond van ons kennis. God self is die ewige Logos, die Bron van ons denke en kennis. Ons kennis en verstand is be= perk; dit is vir die mens onmoontlik om tot in die oneindige te ken, daarom ken ons slegs ten dele. En daarom is geen kennis sonder horisonne nie, be= halwe slegs geloofskennis. (1 Kor. 13 : 9 - 11). Die Christen-opvoeder (i.c. gelowige) ag die geloof wat as 'n gewisse kennis en sekere vertroue uit Gods hand ontvang is, oneindig hoër as enige bewysbare of intuïtiewe kennis. Die subjektiwisme van die ek= sistensialisme is dus 'n uiterste teenstander van die Christelike geloof. (Vgl. Hoofstuk 4, pp. 16 - 19).

Waar God as "dood" geponeer word, waar God "sterf", wyk vanselfsprekend alle sin. Waar feite ter wille van feite aan die kind geleer word, dit wil sê ken= nis ter wille van kennis oorgedra word en geen doel bo die feitlike erken word nie, bevorder hulle die gevoel van sinloosheid wat hom reeds van so baie harte meester gemaak het. (Vgl. Van Wyk, s.d. (b), p. 61). Die Christen-onderwyser in die Christe= like skool sal daar altyd bewus van moet wees dat alle kennis middele is om God en medemens te dien.

## 5.2.5.1 SEDELIKHEID EN KENNIS.

Die aandeel van kennis in die herhaalde keuses tussen goed en kwaad wat elke oomblik voor die deur van elke mens gelaat word, plaas 'n belangrike taak op die skool. Sonder kennis kan die mens nie op sedelike gebied tereg kom nie. Deur onkunde sou die mens se verantwoordelikheid soveel geringer wees en daarom is onkunde op sedelike gebied te veroordeel. Sonder kennis van wat reg en verkeerd is, kan 'n mens nie ver= wag om die goeie te doen en die kwade te laat nie. (Vgl. Gunter, 1964, p. 340).

Die aard van die opvoedeling wil dat hy ook weet waarom dit of dat goed of kwaad is. Kennis en korrek= te denke is noodsaaklik vir korrekte handeling. Kennis waarborg nou wel nie die deug nie, maar is tog 'n belangrike deug en 'n onontbeerlike middel tot die goeie lewe. Kennis is ook nie van sedelikheid iso= leerbaar nie en kan sedelik reg gebruik of misbruik word, insoverre dit middel word vir die juiste of verkeerde aktualisering van die persoonlikheidslief= de. (Vgl. Stoker, 1941, p. 53).

Die skool moet die leerling dus ook sosiaal opvoed sodat hulle leer dat jy eers sedelik reg ken waar jy jou medemens lief het, want wie sy medemens haat, verblind homself vir die waardes van daardie mense. Die direkte kennis van die sedelike het die liefde

nodig. (Vgl. Stoker, 1941, p. 54). In die lig hier=van het die Christen-opvoeder 'n belangrike taak om die on-Skriftuurlike "medemenslikheid" en "naaste=liefde" van die eksistensialis (vgl. hoofstuk 4, pp. 35 - 38), te bestry. Die mens se sosiale funksies, daardie samestelling van eienskappe wat by mense tot goeie medemenslike verhoudinge lei, moet ook Godge=rig ontsluit word. Die Christen-opvoeder is geroepe om deur sy omgang met die leerlinge, hulle te lei tot welaangepaste en -ingepaste, lede van die gemeenskap en samelewing.

Die sedelike is ook indirek kenbaar. Gods Woord leer dat dit onsedelik is om te steel, moor, egbreuk te pleeg en om die sedelike aspekte soos in die Deka=loog gegee, te verontagsaam. Ons het die Skrif nodig; die Bybelse Woord is die getuienis van die waarheid, dit is van die Openbaring van God in Jesus Christus wat ook die sedelike waarheid gegee het, en dit moet aan die jeug bekend gemaak en aan hulle op=gedra word. Soos hierdie verstandskennis van die Heilige Skrif die onmisbare middel is tot die ware doel van die godsdienstige opvoeding, te wete 'n ontmoeting met Christus en die geloof as 'n bestaans=werklikheid, so is dit ook vir die ware sedelike.

## 5.3 DIE TAAK VAN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN DIE SEDELIKE OPVOEDING.

### 5.3.1 DIE SEDELIKE VERVAL.

Die moderne mens het die hoëre wêreld bewus afgeskud en sodoende die geloof in God en die ewige vaarwel toegeroep; daarom het hy niks oor behalwe die lewe in die hiernoumaals met sy tydelikheid nie. (Vgl. hoofstuk 4, p. 30). Die wysgerige eksistensialisme van veral Heidegger en Sartre, maak die mens los van sy transendente gerigtheid. Dit gaan by die eksis= tensialisme om die vertwyfelde soeke van die mens na die sin van menswees. Agter hom lê die niksheid waaruit hy afkomstig is, voor hom die toekoms wat niks anders kan wees as die vernietiging en die dood nie. Waar God al meer in die lewe negeer word en sy norme nie meer geld nie, kom ontaarding en 'n gees van verwêreldliking of sekularisasie.

### 5.3.2 DIE GEES VAN PERMISSIWITEIT.

Die skrif is onteenseglik aan die muur dat die Afri= kaanse jeug een geword het met 'n wêreld voor die af= grond van Niks. 'n Gees van sekularisme wat meester geword het van die wêreld is ook besig om die gees van die Afrikaner aan te tas. Ook op godsdienstige gebied het die jeug sy ankers verloor, hierdie ankers wat juis die Afrikaner-jeug karaktervol en sedelik hoogstaande maak.

Die gees van "permissiwiteit", is in sy wese niks nuut nie, maar die eksistensialisme se geroep om die vryheid van die mens waarin die verantwoordelikheid en gebondenheid verswyg word, het veral vanaf die helfte van die eeu opnuut opgeklink. Dit het gelei tot 'n wêreldbeskouing wat sê: "As elke mens se eie waardigheid en sy absolute vryheid ten alle koste gehandhaaf moet word dan het elke mens ook die reg op sy eie opinie: as hy verslons wil rondloop, of vuil op straat lê, homoseksuele begeertes het - wie is ek om in te meng, wie is ek om my norme, my opi= nies op hom af te dwing? Dis mos nie my saak nie. Dis sý saak - hy kan doen wat hy wil." (Coetzee, 1973, p. 11).

Dit is die taak van die Calvinisties-Christelike lewensbeskouing van die skool "om in die naam van Christus en in gehoorsaming aan God protes aan te teken teen èlke gedagte, woord of daad van sy naaste, die gemeenskap, wat in stryd is met God se Woord." Dit is die dure plig wat rus op die skouer van die Christen-skool om op te tree teen 'n gees van sede= loosheid, want "Protestante wat ophou om te prote= steer, is besig om hul eie siel te verkoop." (Coetzee, 1973, p. 13).

Coetzee meld verder dat dit die taak van die Chris= ten-skool is om steeds te waak teen die pessimisme,

waar elkeen net aan homself dink, maar niks doen nie, waar die permissiewe gees stilswyend en gelate waargeneem word, tenspyte van die besef dat dit wel gebeur, verkeerd is. Teen afstomping, want op gevare word nie meer ag geslaan nie, moet die Christen-opvoeder steeds bly waak. (Coetzee, 1973, p. 14).

Vryheid sonder gesag en vrye liefde is die tekens dat ons hier aan die Suidpunt helaas moet erken dat die kuste van die karakter van ons Suid-Afrikaanse jeug reeds tekens toon van besoedeling met olie van die tenkskepe van sedeloosheid wat hulle tot binne die gebiedswaters van ons geestelike en kultuurbesit in toenemende mate waag. (Vgl. Van Loggerenberg, 1971, p. 1).

### 5.3.3 <u>VRYHEID SONDER GESAG</u>.

Die verabsolutering van die menslike vryheid, het tot gevolg dat dit 'n slagspreuk geword het wat blindelings nagevolg word. Vryheid het 'n totale losbandigheid, 'n ongebondenheid geword. (Vgl. Hoofstuk 4, p. 148). Die vryheid word verheerlik, maar gesag word nie as deel daarvan gesien nie, wel as vyand daarvan. (Vgl. Hoofstuk 3, p. 83).

Vryheid en gesag kan nie los van mekaar staan nie, vryheid bring onverbiddelike verantwoordelikheid mee. Die taak van die skool sal dus wees om die op= voedeling tot die aanvaarding te bring dat die vry= heid wat die mens besit, 'n gawe is wat God aan hom gegee het, 'n gawe waarvoor God hom eendag rekenskap sal vra. Die vryhede wat die opvoedelinge ten op= sigte van aktiwiteite by 'n skool moet geniet, mag nooit willekeur wees nie. Ware vryheid lê in die doen van die wil van God. Die wil van die kind moet gevange gelei word tot God, want dan alleen kan hy die ware, ewige vryheid bekom. "Vry is die mens in sy wilsbesluite en handelinge, maar verant= woordelik bly hy voor God." (Coetzee, 1960, p. 141).

5.3.4 <u>VRYE LIEFDE EN DIE JEUG VAN VANDAG.</u>

Die vryheid van die individu om te beslis wat reg en verkeerd is en die liefdesband tussen een man en een vrou, word afgeskryf as "one of the most dis= gusting phenomena in human history: it cripples life and causes untold suffering." (Berdyaev, 1948, p. 72). Die monogame huwelik word nie meer gesien as 'n goddelike instelling nie.

Dit is nodig dat die vernaamste kenmerke van die normlose siening van seksuele vryheid, waarvan die invloed ons skole, kolleges en universiteite

onder die vraagteken van ware sedelikheid en hoog= staande moraliteit plaas, van naderby beskou word.

"Eerstens sou gesê kan word dat die seksuele drif 'n noodsaaklike bestaanswyse van die mens geword het waarop hy, vandat hy seksuele rypheid bereik het, die reg van uitlewing het. Tweedens volg die psi= gies-fisiese skade wat sou voortvloei as die sek= suele drang nie geleentheid kry om sonder onnodige remming sy bevrediging te vind nie. Derdens word die seksuele in 'n vernugterende sfeer geplaas. Dit word losgemaak van Godsdiens, sedelikheid, roman= tiek, liefde ensovoorts, om as 'n blote fisiese lus= kontak gehandhaaf te word. Dit word geklassifiseer as ontspanning. Daarom is dit 'n genotspel wat soos 'n terloopse versnapering geniet word." (De Klerk, 1972, p. 298). Vierdens word voorhuwelikse ge= slagsgemeenskap geoorloof en selfs as waardevol be= skou vir die toekomstige huwelik, en buite die huwe= lik sou dit stimulerend wees vir die huweliksverhou= ding.

Die jeug is nie teen bogenoemde normlose siening gevrywaar nie. Dit het die hooftema in gesprek, grap, reklame, literatuur (vgl. in die verband sekere werk van die Sestigers in ons eie land, waar die eksistensialistiese siening hoogty vier) kle= ding, ensovoorts, geword. Kan die Christen-op= voeder die simptome van onverskilligheid teen dit

wat eie is aan 'n volk, sy sedelike en Christelike beginsels is, met 'n traak-my-nie-agtige houding aanskou? In die tydsgewrig waarin die ouer sy werk, sosiale status, hoë verdienste ensovoorts, hoër ag as die vorming van sy kind, ook op sedelike gebied. Waar die ouer sy opvoedingstaak verwaarloos of selfs nie die Christelike morele sedelike as geldend vir hom en vir sy kind beskou nie, kan die taak van die skool ten opsigte van geslagsvoorligting en geslags= opvoeding nie langer misgekyk word nie.

## 5.3.5 GESLAGSVOORLIGTING EN GESLAGSOPVOEDING.

Die natuurlike belangstelling en weetgierigheid van die jeug ook ten opsigte van die seksuele, vorm die basis van die idee en praktyk van seksuele voorlig= ting. Geslagsvoorligting is die verskaffing van noodsaaklike kennis, insluitende die eerlike beant= woording van vrae wat die kind mag stel. Geslags= opvoeding sluit veel meer in. Dit sluit onder an= dere die aankweek van goeie gewoontes en gesindhede in, en mag daarom nie losstaande van opvoeding in die geheel wees nie. Geslagsopvoeding is meer spesifiek op die seksuele in die kind gerig en is die element van die totale opvoeding wat meer spesi= fiek ten doel het dat die leiding wat 'n mondige aan 'n onmondige gee deur positiewe beïnvloeding en hulp= verlening by wyse van inligtinggewing, raadgewing,

vermaning, teregwysing om hom ook tot seksuele mon= digheid te bring. (Vgl. Basson, 1972, pp. 184 - 185).

Geslagsvoorligting is 'n taak wat die skool met die grootste omsigtigheid moet hanteer. De Klerk wys daarop dat daar 'n balans gehandhaaf moet word tussen verdronge en oordrewe seksualiteit. Alleen die onderwyser wie se lewe die vergestalting is van die beginsels, deugde en waardes en norme wat kenmerkend is van die Christelike leefwyse, is geskik om reg te laat geskied aan geslagsvoorligting. Uit reaksie teen die seksualisme van vandag mag die jeug nie wysgemaak word dat die Christen 'n soort a-seksuele beginsel nastrewe nie. (De Klerk, 1972, pp. 301 - 302).

Basson het dit teen massa-geslagsvoorligting/opvoed= ing, en volgens hom kan die skool hoogstens aanvul. Vakke soos Biologie, Godsdiensonderwys en ook Gees= tesweerbaarheid bied die ideale geleentheid aan die opvoeder vir geslagsvoorligting, seksuele singewing en normgewing. (Basson, 1972, pp. 220 - 224).

Die skool kan deur middel van 'n goedgeorganiseerde voog- en voorligtingsprogram, waar die identifise= ring van leerlinge met probleme tot sy reg kom, veel doen ten opsigte van geslagsvoorligting aan

individuele leerlinge. Die verpligte onderhouds= periodes wat aan die voorligtervoog toegeken word, bied die ideale geleentheid vir geslagsvoorligting en geslagsopvoeding.

Die jeug van ons tyd word gekondisioneer om die le= wensdoel te sien as 'n onmiddellike verbondenheid met die sigbare en tasbare wêreld. Die uitpersing van die sinnelike en sintuiglike liggaamlikheid wat ge= rig is op maksimale genot en behoeftevrediging in die hier en die nou, word gepropageer. Dit is die taak van die skool om die jeug te bring om die sui= wer pad te loop en te hou as verantwoordelike wesens voor God en medemens.

Die Christelike skool sal in die geestelike nood van die tyd die ankers wat oral losgeraak het, moet help vasmaak en daarom sal die skool en onderwyser meer as ooit tevore 'n suiwer klank moet laat hoor.
(Stone, 1972, pp. 12 - 13) Die jeug moet deur op= voeding en onderwys gelei word om op alle terreine van die lewe die Christelike (en nasionale) lewens= beskouing te openbaar. Die jeug moet altyd Chris= telik dink en optree. Daarom moet elke opvoeder besiel wees met 'n diep gewortelde lewensbeskouing wat op alle terreine van die lewe prakties uitgevoer moet word. Slegs wanneer die skool aan die jeug 'n Christelike lewensbeskouing gee, sal 'n geestelik

weerbare Christen-jeug opgroei van wie gesê sal word: "Sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis." (Ps. 114 : 12).

Alle sedelike opvoeding moet daartoe lei dat die mens vrywillig Gods norme aanvaar en met Gods ge= nade en met alle krag daarvolgens lewe in die vry= heid en blyheid van die kindskap van God. So vol= voer opvoeder en opvoedeling hul taak om die skepping tot sy bestemming van Godsverheerliking te lei. (Van Wyk, 1974, pp. 6 - 7). "Daarom moet elke Chris= ten-opvoeder hom vergewis van wat die Christelike geloof inhou - daarvoor moet oog, oor en hart oop= gestel word vir die Woord van God en die kind so toegerus word sodat hy in elke lewenssituasie, op elke lewensterrein, sal weet hoe om op te tree." (Van Wyk, 1972, p. 36).

## 5.4 TEN BESLUITE.

Uit hierdie "wysbegeerte van die Westerse mens wat tussen die sterre en afgronde geen vaste woonplek meer het nie; van die Westerse mens wat sonder God in 'n leegheid van pyn en dieptes sy bestaan soek; van die mens wat in die oog van die ander niks geword het; van die mens wat tevergeefs uit 'n

bodemlose ewigheid vir homself geestesrykdom probeer skep," (Meyer, s.d., p. 13), kom die denkklimaat van ons tyd waaruit die kind kom en waarheen hy op weg is.

Uit hierdie krisisfilosofie waar God uit die mens se lewe geban is en die mens buite die Woord - die hoop en besieling van geslagte wat wás, wat ís en wat sal kóm - staan, open wel ons oë vir die mens in sy konkrete situasie in hierdie wêreld, maar wie op hierdie wanhoop-filosofie sy opvoedkunde wil bou, bou sy huis op sand. (Van Wyk, 1973, p. 13). In so 'n wêreld het die jeug ankers nodig wat vas en ewig is. Na ankerpunte hoef daar nie gesoek te word nie want in die Woord van God is daar genoeg. (Schutte, 1970, p. 8).

Hierdie onfeilbare ewigheidsankers, beklee die Bybel=getroue Christelike opvoedkunde met geweldige verant=woordelikhede. In die woorde van Schutte moet dit weer 'n koers aandui en 'n pad baan. (Schutte, s.d., p. 12). Dit het die roeping van ons opvoedkunde en opvoedende onderwys geword om met die Woord as openbaring van die Christelike daad aan die voorpunt van die stryd te staan. Dan alleen kan daar aan die soekende wêreld getoon word dat daar vanuit die kon=tingente, die hic et nunc, geen opvoedingsbestemming kan verrys wat vir die ganse opvoedkundige op-weg-

wees geldig is nie. "Wie die op-weg-wees tot oor= sprong verhef, is 'n reisiger na nêrens." (Stoker, 1970, p. 12).

Die Christen-gelowige het die sekerheid dat die op= voedkunde en opvoedende onderwys, ongeag die ver= anderlike eksistensie, nooit verander nie. Chris= tus het self die rigting van ons opvoeding op weg na Êrens geplaas. "Ek is die weg en die waarheid en die lewe ...." (Johannes 14 : 6).